education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

Johannesburg Cluster

Common Examination
Vraestel 1

Begripstoets, Opsomming en Taal

November 2011

AFRIKAANS HT GRAAD 10

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.

Instruksies:

- Hierdie vraestel bestaan uit die volgende afdelings:
  Afdeling A: Leesgegrip (30 punte)
  Afdeling B: Opsomming (10 punte)
  Afdeling C: Taal (30 punte)

- Lees al die instruksies versigtig deur.

- Beantwoord al die vrae.

- Trek ‘n lyn na elke afdeling.

- Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

- Laat ‘n reël oop tussen elke antwoord.

- Skryf netjies en leesbaar.

- Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

- Geen tippex mag gebruik word nie.

- Skryf slegs met blou ink.

AFDELING A: BEGRIPSLEES

Vraag 1

Lees die onderstaande teks met aandag deur en beantwoord daarna die vrae.

Onderwys in Suid-Afrika

1 Daar is die afgelope tyd baie geskryf en gepraat oor die matriekuitslae van 2010. As daar krities na die ontleding van die statistieke gekyk word, dan is die resultate allermins vleiend, trouens dit is kommerwekkend.

2 Van die 1 338 690 leerders wat in 1999 in graad een was, het slegs 40% in 2010 die matriekeksamen afgelê. Meer as die helfde van die leerders het dus iewers langs die pad verdwyn. Slegs 48% van die leerders wat matriek skryf, skryf Wiskunde en 52% skryf Wiskunde Geletterdheid. Slegs 23% van die kandidate wat matriek geskryf het, slaag Wiskunde.

3 Wiskunde is een van die belangrikste maatstawwe vir sekondêre opleiding. As daar aanvaar word dat 'n redelike persentasie van die leerders wat geslaag het se uitslag nie voldoen aan die vereistes van tersiêre instellings nie, dan lyk die toekoms van Suid-Afrika nie rooskleurig nie.

4 Prof. J. Jansen spreek ook sy kommer uit oor die standaard van onderwys in 'n artikel in "Times LIVE" van 23 Februarie 2011. Hy vra die vraag : "Wat is die waarde van 'n matrieksertifikaat waar 'n matrikulant met matriekvrystelling slaag, maar die punte is van so 'n aard dat die kandidaat nêrens toelating sal kry vir verdere studie nie."

5 Jansen sê verder dat Wiskunde Geletterdheid 'n manier is om te kompenseer vir swak Wiskunde-onderrig. Die feit dat die helfte van die kandidate Wiskunde Geletterdheid geskryf het, onderstreep sy besorgdheid dat ons 'n boodskap oordra wat sê "ons kinders kan nie Wiskunde doen nie".

6 Die jeug van 'n nasie is sy belangrikste hulpbron! Daar moet in hulle belê word, hulle moet opgelei word en hulle moet ontwikkel word. As

Suid-Afrika hom wil laat geld as leier in Afrika en deur die wêreld erken wil word as 'n land wat 'n bydrae maak tot die wêreldekonomie, dan sal die land indringend moet kyk na die standaard van onderwys wat gelewer word.

7 Dit is belangrik dat gehalte onderwys reeds vanaf graad R moet plaasvind. Swak onderwys in die grondslagfase word nie maklik reggestel in die latere fases nie. In die grondslagfase word kernbegrippe en beginsels vasgelê en as dit nie reg geskied nie, is dit moeilik om dit later reg te stel.

8 Dit is van uiterste belang dat die onderrig van Wiskunde in die laerskool van die hoogste gehalte moet wees. Verder is dit belangrik dat 'n positiewe gesindheid teenoor Wiskunde by die leerders gekweek moet word.

9 Om 'n hoë standaard van Wiskunde-onderrig in die laerskool te laat realiseer, is dit nie net belangrik om te kyk na die akademiese kwalifikasie van die opvoeders nie, maar ook na die onderrig- en oordragmetodes wat toegepas word.

10 Haal die oogklappe af. Suid-Afrika se toekoms is op die spel. Gehalteonderwys is onontbeerlik vir 'n suksesvolle Suid-Afrika!

(verwerk uit Taalgenoot,Winter 2011)

1.1 Wat is die verskil tussen *sekondêre* en *tersiêre* opleiding? (par. 3) (2)

1.2 Wat word bedoel met 'n *rooskleurige toekoms* (par. 3) ? (1)

1.3 Haal <u>een</u> woord uit par. 4 aan wat verwys na 'n matriekleerder wat die eksamen aflê. (1)

1.4 Noem <u>twee</u> moontlike redes waarom nie al die leerders wat in graad 1 inskryf, matriek voltooi nie. (2)

1.5 Watter boodskap word oorgedra deur die feit dat meer as die helfde van alle matrieks Wiskunde Geletterdheid in plaas van Wiskunde as vak het? (1)

1.6 Waarom is die jongmense van 'n volk so belangrik? (1)

1.7 Lees weer paragraaf 6. Wat is volgens die skrywer die grootste probleem in Suid-Afrika se onderwysstelsel ? (1)

1.8 Is die volgende stelling waar of onwaar? Haal ook 'n sin uit die leesstuk aan as bewys vir jou antwoord.

Leerders se ingesteldheid teenoor vakke soos Wiskunde is belangrik. (2)

1.9 Gee 'n sinoniem vir *gehalte* in par. 8. (1)

1.10 Noem twee aspekte wat aandag moet geniet om die gehalte van onderrig te verhoog. (2)

1.11 Verduidelik in jou eie woorde wat die skrywer bedoel met die laaste sin van die leesstuk. (1)

[15]

Vraag 2

Lees die advertensie met aandag deur en beantwoord die vrae.

Iets om oor te glimlag.

Ons stel bekend. Dentyne Peppermint White, wat volgens kliniese toetse tande binne net vier weke witter maak. Met gesonde, wit tande het jy 'n skitterende glimlag!

Hoe maak Dentyne Peppermint White tande witter?

Dit maak gebruik van gepatenteerde tegnologie om kos- en drankvlekke op tande te help oplos. Vlekke word gepenetreer, afgebreek en sagkuns van die tandoppervlakte verwyder.

Hoe kan ek optimale resultate behaal?

Jy kan resultate so gou as binne vier weke sien indien jy twee blokkies Dentyne Peppermint White vier keer per dag vir 20 minute lank kou. Kou Dentyne as deel van jou algehele skoonheidsroetine.

(verwerk uit Rooi Rose, Des.2010)

2.1 Watter tipe produk word hier adverteer? (1)
2.2 Wat beteken die uitdrukking "*iets om oor te glimlag*"? (1)
2.3 Watter klankverskynsel word gebruik om sekere woorde te beklemtoon in paragraaf 1? (1)
2.4 Watter behoefte van die teikengroep word deur die advertensie aangespreek as jy kyk na woorde soos " *skitterende glimlag*"? (1)
2.5 Skryf 'n woord uit die advertensie neer wat dieselfde beteken as *binnedring*. (1)
2.6.1 Is die teikenmark van die advertensie vir mans of vrouens? (1)
2.6.2 Haal een woord uit die laaste paragraaf aan as bewys van jou antwoord. (1)

[7]

Vraag 3

Lees die resensie oor die boek "My hart is vol graffiti" van Tania Brink en beantwoord daarna die vrae.

My hart is vol graffiti – Tania Brink

Lara het die perfekte ou. Hy bring gereeld vir haar blomme en almal voorspel hy gaan oor twee jaar hoofseun wees. Die enigste meisie in die skool wat nie van hom hou nie, is haar beste vriendin, Venessa.

Maar dan moet Lara en Venessa 'n artikel vir 'n tienertydskrif skryf. Die onderwerp is: Graffiti – kuns of krimineel? En hul paaie kruis met die van 'n regte graffitikunstenaar wat hulle aan 'n opwindende, geheimsinnige skemerwêreld bekend stel.

Skielik is Lara in twee geskeur. Aan die een kant is daar Lara, wat nooit die skoolreëls oortree nie en altyd A's kry en aan die ander kant is daar die Lara, wat net een keer wil voel hoe dit voel om skelmpies 'n gebou met spuitverf te bespuit.

LAPA Uitgewers. R80 (verwerk uit Taalgenoot,Winter 2011)

3.1 Sê in jou eie woorde wat 'n *resensie* is. (1)
3.2 Wat noem ons iemand wat resensies skryf? (1)

3.2 Wat doen ‘n graffitikunstenaar? (1)

3.3 Gee twee woorde uit die leesstuk wat daarop dui dat mense verskillende opinies oor graffiti handhaaf. (2)

3.4 Die karakter, Lara, is in twee geskeur. Word dit *letterlik* of *figuurlik* bedoel? (1)

3.5 Deur wie word die boek uitgegee? (1)

3.6 Wat kan deur die titel van die boek geïmpliseer word? (1)

[8]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 1

Lees die onderstaande teks “*Om ‘n onderhoud te voer*..” noukeurig deur en maak ‘n opsomming van nie meer as **80 woorde** nie. Let op na die volgende:

- Die opsomming moet in **een paragraaf** aangebied word.
- Doen eers beplanning (‘n voorlopige poging) in potlood.
- Gebruik **volsinne**. Die weglating van woorde soos *die* en *‘n* word as telegramstyl gesien.
- Dui die **aantal woorde** aan die einde van die opsomming aan.

Om ‘n onderhoud te voer...

Die onderhoud is ‘n aangesig-tot-aangesig ontmoeting op ‘n bepaalde plek en tyd met die spesifieke doel om inligting te bekom of ‘n spesifieke saak te bespreek waaroor die twee partye ooreengekom het. Dit is ‘n gespesialiseerde vorm van voorafbeplande interpersoonlike kommunikasie waardeur sekere inligting bekom word.

'n Onderhoud is tydsgebonde, dus is dit nodig om so gou as moontlik by die punt van bespreking uit te kom.

'n Onderhoud is 'n besondere vorm van kommunikasie en sluit twee partye in, naamlik die onderhoudvoerder en die respondent. Daar is interaksie deur middel van vraag en antwoord. Die twee partye sit by mekaar, daarom is oogkontak en liggaamshouding baie belangrik.

Die hele onderhoudsituasie moet vanselfsprekend in keurige taal geskied. Vrae moet duidelik gestel word en die respondent moet dit in goeie taal beantwoord.

Voor 'n onderhoud kan plaasvind, moet die onderhoudvoerder deeglike beplanning doen. Hy moet kennis dra van die respondent se agtergrond, kultuur en persoonlikheid sodat hy sinvolle vrae kan kan vra.

Die onderhoudvoerder moet die regte atmosfeer skep sodat die onderhoud op 'n ontspanne manier plaasvind. Hy moet die respondent 'n kans gee om te praat en aktief luister sodat hy kan reageer op wat die respondent sê.

(verwerk uit Viva Afrikaans)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALKUNDE

Vraag 1

Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord daarna die vrae.

Facebook kan tieners depressief maak

Tieners kan met 'n soort depressie sukkel as hulle te beheb raak met die sosiale webtuiste Facebook. Navorsers aan die Amerikaanse Akademie van Kindergeneeskunde het gevind sosiale media kan met jong mense se huiswerk, slaap en fisieke aktiwiteite inmeng en as hulle op Facebook verwerp word, is dit vir talle tieners nog erger as wanneer dit in die regte lewe gebeur. Al kan sulke webtuistes party se sosiale verhoudinge laat verbeter, het dit die teenoorgestelde uitwerking op tieners wat

geneig is tot depressie. Daarom beveel die navorsers aan dat ouers beheer uitoefen oor hoeveel tyd hul kinders aan die webtuiste bestee.

(Huisgenoot, April 2011)

1.1 Skryf die <u>eerste</u> woord uit die leesstuk neer wat 'n diftong bevat en onderstreep die diftong. (1)

1.2 Verdeel die woord *depressie* in reël 1 in:

1.2.1 lettergrepe

1.2.2 klankgrepe (2)

1.3 Watter klankverskynsel kan voorkom by die uitspraak van die woord *webtuiste* (reël 2)? (1)

1.4 Vorm 'n werkwoord van die woord *aktiwiteite* (reël 4). (1)

1.5 Is die woord *navorsers* (reël 8) 'n simpleks of 'n kompleks? (1)

1.6 *Navorser* (reël 8) is 'n persoonsnaam. Wat noem ons iemand wat 'n drama skryf? (1)

1.7 Iemand wat in Amerika bly, noem ons 'n *Amerikaner*. Wat noem ons 'n inwoner van Spanje? (1)

1.8 Wat is die basis van *aktiwiteit* (reël 4)? (1)

1.9 *Webtuiste* (reël 9) is 'n samestelling.

1.9.1 Identifiseer die kern in die woord *webtuiste*. (1)

1.9.2 Gebruik die kern as 'n bepaler in 'n ander samestelling. (1)

1.10 Skryf die verkleining van *verhoudinge* (reël 6) neer. (1)

1.11 *Uitoefen* (reël 9) is 'n skeibare werkwoord. Gebruik dié woord in 'n sin as twee woorde. (1)

[13]

<u>Vraag 2</u>

<u>Lees die onderstaande tekste in die blokkies en beantwoord die vrae.</u>

Madiba verruil Houghton-huis permanent vir Oos-kaap.

2.1 Skryf die gesegde van die sin hierbo neer. (1)

2.2 Herskryf die sin deur te begin met *Houghton-huis*. (1)

2.3 Waarom word Oos-Kaap met 'n koppelteken geskryf? (1)

2.4 Skryf die bywoordelike bepaling uit bogenoemde sin neer. (1)

Gautrein vat Bokke WB toe.

2.5 Waarvoor staan die afkorting *WB*? (1)
2.6 Skryf die nuutskepping uit bogenoemde sin neer. (1)
2.7 Waarom word *Bokke* met 'n hoofletter gespel? (1)

FritzPatrick se lewe net so kleurryk soos Jock-avonture.

2.8 Waarom word *kleurryk* met twee r'e gespel? (1)
2.9 Herskryf bogenoemde sin as 'n volwaardige vol sin. (1)
2.10 Skryf bogenoemde sin oor in die ontkennende vorm. (1)

Video op internet leer lugredery les.

2.11 Skryf die meervoud van *video* neer. (1)
2.12 Is bogenoemde sin 'n *enkelvoudige* of *saamgestelde* sin? (1)
2.13 Homonieme het dieselfde uitspraak, spelling en betekenis. Maak nou twee sinne met *les*, sodat die betekenis verskil. (2)

[14]

Vraag 3

Lees die onderstaande tekste in die blokkies en beantwoord die vrae.

Honger hond

Klant: "Dit lyk of jou hond daarvan hou om te kyk hoe jy hare sny."
Haarkapper: "Dit is nie juis dit nie. Partykeer sny ek 'n stukkie van iemand se oor af."

3.1 Herskryf die klant se woorde in die indirekte rede. (2)
3.2 Gee 'n idioom waarin die woord *hond* voorkom. (1)

[3]

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70